

“**E**n soos die ou olifantbulle die jonges leer, het hy hulle die dinge van die bos geleer. Van die bome. Die verskil tussen 'n kalandar en 'n 'upright', van die witpeper, die vlier, die rooi-els, die wit-els; van assegaai en hardepeer, ysterhout, kershout en kamassie. Sommige leer jy aan die lyf ken en ander aan die blaar. In die begin lyk 'n jong stinkhoutboom en 'n saffraan na dieselfde ding, totdat jy geleer het om steeltant van die stinkhoutblaar die twee harde knoppies te soek. Hulle het die struik van die onderbos leer ken, wat medisyne is en wat nie. Watter bessies jy kan eet, watter nie.”

Uit Kringe in 'n Bos
Dalene Matthee

Geskiedenis

Inheemse woude het reeds vanaf die vroegste geskiedenis 'n baie belangrike rol in die ontwikkeling van die land gespeel. Die vroeë setlaars was grootliks afhanklik van die inheemse woude vir hulle alledaagse houtbehoefte. Toe die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie in 1652 die eerste nedersetting aan die Kaap gestig het, is hout uit die nabygeleë bosse op groot skaal gebruik vir boudoel-eindes, wamakery, die oprigting van heinings en skuilings, die maak van meubels en ander huishoudelike gebruiksartikels en vir die bou van kaaië en bote. Namate die bosse in die omgewing van Kaapstad uitgeput geraak het, het die soektog na hout al langs die kus uitgebrei en die onbeheerde ontginning is voortgesit in die bosse van Swellendam tot by George, Knysna en die Tsitsikamma.

Die patroon was 'n algemene een waar kolonisasie van nuwe gebiede plaasgevind het. Daar was só 'n dringende behoefte aan hout dat dit byna onmoontlik was om die ontginning daarvan te beheer. Hoewel daar bosopsigters in Kaapland aangestel is, het hulle weens stadige vervoer oor die groot gebiede en 'n tekort aan personeel, nie volle beheer oor die bosse gehad nie.

In 1880 is 'n mylpaal in die bosbougeskiedenis bereik met die aanstelling van die eerste geïntegreerde bosboubeampte, Graaf de Vasselot de Regné, as Superintendent van Bosse en Woude. Met behulp van distrikbosbeamptes en bosbouers, het hy die beslag gelê vir sistematiese, wetenskaplike bosbou in Suid-Afrika. 'n Groot deurbraak het gekom met die eerste Kaapse **Boswet** van 1888 en met die **Boswet** van 1914 toe die destydse Departement van Bosbou vir die eerste keer volle beheer oor die inheemse bosse soos dié van Knysna, Tsitsikamma en die Oos-Kaap, kon oorneem. Die houtkappers se aktiwiteite is sedert 1913 aan bande gelê deur verpligte registrasie en in 1939 is die houtkapperstelsel finaal afgeskaf om oorontginning van die woude te voorkom.

Bewaring en herstel

Intussen is daar begin met die aanplant van verskillende uitheemse boomsoorte uit lande met 'n soortgelyke klimaat as dié van Suid-Afrika. Reeds in 1883 is daar 'n plantasie van denne, swarthout, wattels en bloekombome by Concordia, buite Knysna, gevestig, maar baie van die uitheemse plantasies is tussen 1890 en 1910 gevestig. In hierdie jare is bekende plantasies soos Jonkersberg en Goudveld, wat ook 'n rol speel in *Kringe in 'n Bos*, asook Witfontein, Bergplaas en Buffelsnek, begin. Dié aangeplante woude het inheemse bosse aangevul en van oorontginning beskerm en hulle van algehele vernietiging gered.

Vanaf 1939 tot 1965 is die bosse met rus gelaat, behalwe dat windvalle en dooie bome verwyder is. Navorsing in die woude het voortgegaan en die inligting verskaf waarop die huidige bestuurstelsel van meervoudige gebruik gegrond kon word. Die eerste volwaardige

bestuurplan volgens hierdie stelsel is in 1970 op Diepwalle in werking gestel. Só 'n plan is gerig op die wetenskaplike bestuur van die bosse, om te verseker dat hulle in ooreenstemming met die begrip “veelvuldige gebruik van grond” ten beste benut sal word. Dit beteken dat daar gelet word op die natuurlike verband tussen en die wisselwerking van alle organismes in só 'n bos, die groei, die ontspanningspotensiaal, die ekonomiese benutting van byvoorbeeld bome wat doodgaan, en die behoud van die natuurskoon.

Fauna

Onafskeidbaar deel van die bosse is die inheemse dierelewe, waarvan daar gelukkig nog heelwat voorkom, maar wat ongelukkig nie maklik gesien word nie. Afgesien van die enkele olifante in die omgewing van Diepwalle en Gouna, sluit die groter soogdiere in, bosbokke — “met sy bruin lyf en witspikkelhalsband”, soos Dalene Matthee hom beskryf — luiperds, rooikatte, bobbejane, blou-ape en “die mooiste bokkie van almal, die bloubokkie van die ruie onderbos”. (*Kringe in 'n Bos*) “So klein so lig van voet dat jy selde sy stippelspoortjies kry, miskien iewers waar hy oor die dryfsand langs 'n stroompie is of oor 'n sandplek in 'n voetpad.” Bosvarke is kuddediere en leef in troppies van ses tot 20. Hulle is omnivore en eet bolle, vrugte, gras en insekte. Bosbokke gebruik die woud as skuiling in die dag en wei gedurende die nag in gebiede met meer kos en minder ruig plantegroei, byvoorbeeld denneplantasies. Bobbejane is volop, maar verkies die rotsagtige dele bokant die woud. Luiperds kom ook redelik algemeen voor, maar is sku diere en verkies dikwels die berggebiede bokant die woud.

Die woude van die Suid-Kaap is nie ryk aan voëllewe wanneer hulle byvoorbeeld met die Transvaalse Bosveld vergelyk word nie en het sowat 35 tot 40 soorte van die sogenaamde tipiese woudvoëls. Baie meer soorte kom voor in die gebiede wat die woud begrens, soos byvoorbeeld die struikbos, fynbos, en langs riviere, moerasse, mere en die see.

Die kroonarend word soms gesien. Hy kan byna vertikaal in die lug op vlieg omdat sy sterk vlerke hom in staat stel om op dié manier deur openinge in die woud se kroondak te beweeg. Sy prooi sluit blou-ape, klein wildsbokke en dassies in. Die Afrikaanse sperwer is die grootste roofvandy van bosvoëls. Die geelbekbosduif met sy kenmerkende heldergeel bek en pote is redelik volop asook die Knysnaloeier en die kleurvolle bosloerie. Die bosloerie (narina trogon) is die enigste van sy familie in Suid-Afrika — hy word deur Dalene Matthee beskryf as “kleiner as die groot loerie, net so mooi, maar donner”. Die beste woudsangers is van die lysterfamilie. Dit sluit in die olyfyster, janfrederik en witkoljanfrederik. Aangesien sig in die woudplantegroei beperk is, reip woudvoëls om sterk, deurdringende roepsteme te hê om te kommunikeer en om hul terreine af te baken en te beskerm.

Flora

'n Gedeelte van die Outeniqua-voetslaanpad gaan deur die woude. Hier en daar kom daar egter geïsoleerde kolle fynbos voor wat plaaslik as “eilande” bekend staan. Kolle struikbos met 'n sterk fynbos-element is dikwels ook aan bosrande teenwoordig.

Die samestelling van die inheemse bos wissel van plek tot plek na gelang van die hoogte bo seevlak, reënval, grondtipe, helling en ander faktore. Die bosse word in ses bostipes ingedeel wat wissel van die “droë” na die “vogtiger” tot die “nat” bostipes.

Die “droë” tipe bos kom gewoonlik teen die steil noordelike en noordwestelike hange van die kusgebied voor, bereik 'n maksimum hoogte van 15m en is kreupelhoutagtig.

Doringrige struik kom algemeen in hierdie tipe bos voor (byvoorbeeld die noem-noem — *Carissa bispinosa*).

Die “vogtige” tipe bos word op die vlaktes en heuwels aangetref en bereik hoogtes van 15m tot 30m. Hierdie tipe bos is daarom ook as “hoëbos” bekend. Waardevolle boomsoorte soos stinkhout, geelhout, witpeer, kershout, ysterhout en baie ander kom hier voor. Die bosvloer is baie ruig en veral onderbos (*Trichocladus crinitus*) is volop.

Die “nat” tipe bos word in die diep, nat klowe met standhoudende water aangetref. Die hoogte van dié bostipe is gewoonlik sowat 15m, en 'n digte grondbedekking van varings is algemeen. Die belangrikste boomsoorte van hierdie bostipe is rooi-els, witels, boekenhout, stinkhout, notsung en without.

Bestuurklasse

In 'n bestuurplan word bepaalde gebiede van die bos aan een van vyf bestuurklasse — navorsing, hervestiging, produksie, beskerming en ontspanning — toegewys. In die verlede is die toegankliker, vogtige gebiede swaar en selektief ontgin. Hierdie gebiede word aan die produksiebestuurklas toegewys in 'n poging om hulle deur middel van boskulturele behandeling weer produktief te maak. Beskadigde gebiede of dele wat deur uitheemse soorte ingeneem is, word skoongemaak en kunsmatig hervestig deur inheemse soorte aan te plant.

Groot dele, veral van die droë en nat tipes, word opsygesit as beskermde gebiede vir indirekte gebruik soos water-, grond-, flora- en faunabewaring, en ook om hul natuurskoon.

Die ontspanningsbestuurklas is dié wat die publiek laat deel in hierdie erfenis deur byvoorbeeld die geleentheid te gee om op die wandelpaaië te kan stap.

Die beleid is dus een van bewaringsbestuur vir meervoudige gebruik.

Topografie, klimaat en geologie

Die topografie van die gebied bestaan uit 'n lang reeks terrasse wat van oos na wes strek en trapsgewys vanaf die seekus opwaarts na die hellings van die Outeniqua-berge strek. 'n Smal litorale sand- of rotsstrook al langs die kus vorm die voetstuk van die kusplato wat 'n hoogte van 150m tot 350m bereik. Die hoër plato begin ongeveer 5km - 15km land-in en bereik 'n hoogte van 300m tot 600m. Die Outeniqua-berge daaragter bereik hoogtes van ongeveer 1 200m. Riviere het diep valleie van die berg na die see deur die plato's gesny.

Die gebied is in die heelljaarreëng gebied. Die meeste reën val egter tussen September en April en die reënval wissel van 700mm - 800mm per jaar by die kus tot 1 100mm - 1 300mm per jaar teen die berghellings. Temperature neem af van die kus na die berge. Temperature wissel van 'n gemiddelde daaglikse minimum in Julie van 7,4°C tot 24,5°C, 'n gemiddelde daaglikse maksimum in Januarie. Warm en droë bergwinde waai dikwels uit die noorde. Sneeu kom soms tussen Junie en Augustus op die berge voor.

Die geologie word oorheers deur kwartsagtige Tafelbergsandsteen met konglomeraat en skalievlaakke. Pre-Kaapse sedimente (skalies, skiste en filliete) en graniet kom op die laer plato voor. Uit die moedergesteentes is die suurleemgronde van die plato's en die sandrige leemgronde van die berghellings gevorm. Die leemgronde het 'n kenmerkende klei-onderlaag. Sandgronde kom op die kuststrook voor. Die oerkringlope in die woude en laagtes gelaat om 'n ryke verskeidenheid van plante voort te bring op 'n grondlagie wat op plekke kwalik 300mm diep is.

Uitgereik deur die Departement van Omgewingsake as hulpmiddel vir skoliere by die voorgeskrewe werk “Kringe in 'n Bos”.